



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING
(GTA)
GRAAD 9 – 2008**

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

ONDERWYSERBOEK

AFDELING A

ONDERWERP:

Aardverwarming en Volhoubaarheid

Voorgestelde Tyd: 4 uur

150 Punte

Aantal bladsye: 14

Inhoudsopgawe

Aktiwiteit		Assessering Standaard	Tipe Assessering	Aktiwiteite	Les	Punte	Bladsy
TAAK 1				LU 4: Entrepreneurs Kennis en Vaardighede LU 1: Die Ekonomiese siklus			
Aktiwiteit 1.1	Bemarkingsveldtog en reklame media	LU 4: AS 4	Portuur-groep	Ontwerp 'n Advertensie	1	16	4
Aktiwiteit 1.2	Vraag en Aanbod grafieke	LU 1: AS 3 AS 4 AS 5	Onderwyser	Illustrasie en vertolking van vraag en aanbod grafiek	2	30	5
TAAK 2				LU 2: Volhoubare Groei en Ontwikkeling			
Aktiwiteit 2.1	Groei en Ontwikkeling	AS 1 AS 2 AS 4	Onderwyser	Begripstoets	3	22	7
TAAK 3				LU 4: Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings			
Aktiwiteit 3.1	SWOT-analise	AS 1	Self/Huiswerk	SWOT-analise		20	8
Aktiwiteit 3.2	Kontant begroting	AS 2	Portuur-groep	Vorbereiding van Kontant begroting en berekeninge	5	21	10
Leerders het 'n keuse tussen TAAK 4 en TAAK 5							
TAAK 4				LU 3: Bestuurs, Verbruiker en Finansiële Kennis en Vaardighede			
Aktiwiteit 4.1	Algemene Grootboek	AS 3	Onderwyser	Rekeningkunde Toepassing van dubbel inskrywing-beginsel	6	29	11
Aktiwiteit 4.2	Rekeningkundige vergelyking	AS 3	Onderwyser	Rekeningkundige vergelyking	6	12	12
TAAK 5				LU 3: Bestuurs, Verbruikers en Finansiële Kennis en Vaardighede			
Aktiwiteit 5.1	Joernale	AS 3	Onderwyser	Kontant- en krediet-transaksies	6	33	13
Aktiwiteit 5.2	Rekeningkundige vergelyking	AS 3	Onderwyser	Rekeningkundige vergelyking	6	8	14
TOTAAL PUNTE						150	

INLEIDING

Die onderwerp van hierdie GTA is 'Aardverwarming en Volhoubaarheid'. Daar sal deurgaans van jou verwag word om jou kennis toe te pas en kritiese denke te gebruik om probleme op te los en alternatiewe voorstelle te maak vir verskeie inhoudelike aspekte.

Die GTA is in 6 lesse van ongeveer 40 minute elk en huiswerk aktiwiteite, verdeel. Neem asseblief kennis dat hierdie slegs riglyne is vir u lesse en lesbeplanning.

Leerders het 'n keuse tussen TAAK 4 en TAAK 5. Beide hierdie take dek LU 3.

TAAK 1

LU 4: Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings

AS 4: Voer van 'n Bemerkingsveldtog en die bespreking van jou selfgekoose reklamemedia.

Instruksies:

Lees die definisie van aardverwarming en die uittreksel aan die leerders, in leerderboek bladsy 3.

Klasbespreking

Voer 'n klasbespreking waar u die volgende vrae aan die leerders stel:

- Waarom dink julle is aardverwarming 'n morele en 'n besigheidsaspek?

Dit is 'n morele saak omdat besighede verantwoordelikheid teenoor die omgewing waar hulle geleë is, moet aanvaar. Dít dra by tot die sukses van die besigheid. Woolworths word deur sy verbruikers as 'n handelsmerk van kwaliteit erken en volgens die artikel is dit duidelik dat die 'hoër inkomste' verbruiker van Woolworths verwag om te doen wat reg is. Dit beteken dat hulle van Woolworths verwag om die omgewing te beskerm en om 'n bewustheid rondom aardverwarming te skep, deur hul produkte, bv. organiese produkte en omgewingsvriendelike yskaste. Deur dit te doen, behou Woolworths die lojaliteit van die hoër inkomste verbruiker en behou hulle ook hul goeie reputasie en handelsmerk van goeie kwaliteit. Wat is organiese produkte?

Organiese produkte is natuurlike produkte wat nie aan enige preserveermiddels of plaagdoders blootgestel is nie. Koolsuurgas wat deur organiese produkte afgeskei word, word deur ander plante gebruik om aardverwarming te beteuel.

- Hoe help hulle Woolworths om aardverwarming aan te spreek?

Plaagdoders en preserveermiddels word nie in die produksie van organiese produkte gebruik nie. Dit beteken dat Woolworths help om aardverwarming te beheer, omdat hierdie chemicalië baie nadelig is vir die omgewing.

LES 1**AKTIWITEIT 1.1 PORTUUR ASSESSERING
LU 4: AS 4****Memo Aktiwiteit 1.1a, b****Portuur Assessering**

Verdeel leerders se werk onder mekaar. Leerders moet die kontrolelys in die leerderboek vir assessering gebruik. Voordat portuur assessering gedoen word, moet die onderwyser die volgende punte aan die leerders verduidelik:

(a) Punte om te onthou, wanneer die advertensie geassesseer word:

- Maak seker dat die ABBA-beginsels toegepas is.
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid moet deel wees van die advertensie.
- Die boodskap in die advertensie moet aandui hoe Woolworths se organiese produkte kan meehelp om aardverwarming te beteuel.
- Wanneer kommentaar neergeskryf word, moet die assessors slegs aandui waarom 'n JA of NEE omkring is.

KONTROLELYS VIR AKTIWITEIT 1.1**PORTUUR ASSESSERING**

KRITERIA	JA	NEE	Kommentaar
Trek Aandag	2	0	
Wek Belangstelling	2	0	
Skep 'n Begeerte	2	0	
Lei tot Aksie	2	0	
Dink jy die advertensie boodskap is korrek?	2	0	
TOTAAL:			
			/10

Assessor se naam: _____

ONDERWYSER ASSESSERING

- (b) Toepaslike reklamemedia wat gebruik kan word: televisie, Internet, tydskrifte, pamflette, koerante, kennisgewingborde, radio ✓✓ (2 punte vir EEN toepaslike medium voorgestel) (2)

Die voorgestelde medium moet gemotiveer word. Die voorbeeld hieronder illustreer hoe die gebruik van die televisie as medium gemotiveer kan word.

Voorbeeld: Die televisie is een van die mees toepaslike keuses omdat dit die kyker se aandag trek deur die boodskap wat gehoor en die voedselprodukte gesien kan word. ✓✓ Die advertensie kan gedurende etenstye gewys word, om dit baie aanloklik vir die kyker se smaaksintuie te maak. ✓✓

LET WEL: vir enige ander medium wat deur die leerder gekies is, moet die leerder aandui hoe dié medium gebruik is om die advertensie boodskap aan die teikenmark oor te dra. (4)

[16]

LES 2**AKTIWITEIT 1.2**


ONDERWYSER ASSESSERING
LU 1: AS 3

MEMO – AKTIWITEIT 1.2

- (a) Kyk na die volgende wanneer die konstruksie en benaming van die grafiek geassesseer word:
- Die vraaggrafiek is korrek gemerk as die vraagkurwe bv. Dit is met 'n 'V' gemerk. ✓
 - Die aanbodgrafiek is korrek gemerk as die aanbodkurwe bv. Dit is met 'n 'A' gemerk. ✓
 - Die ewewigspunt is met 'n 'E' aangedui. ✓✓
 - Die vraag ✓✓ en aanbod ✓✓ kurwes is korrek gekonstrueer, d.i. alle punte is volgens die gegewe tabel korrek geplot.
 - Opskrif ✓ (9)

Vraag en Aanbod Grafiek✓

PRYS



(b) R170 ✓✓ (2)

(c) Totale verkope = Prys x Hoeveelheid
 = R170 ☒ x 3 000
 = R510 000 ✓✓ (3)

☒ Een punt word hier toegeken as die antwoord in (a) gebruik is en die korrekte berekening gedoen is.

(d) Hoe laer die T-Hemde se prys, hoe hoër sal die vraag wees. ✓✓
 Minder T-Hemde sal teen 'n hoër prys aangevra word. ✓✓
 of
 Hoe meer die verbruiker bereid is om vir die T-Hemde te betaal, hoe hoër word die hoeveelhede wat aangebied word. ✓✓
 Minder T-Hemde word teen 'n laer prys aangebied. ✓✓ (4)

(e) 2 000 ✓✓ (2)

(f) 3 000 ✓✓ (2)

(g) Produksie neem af. ✓✓
 Minder geld word as inkomste gegenereer. ✓✓
 Negatiewe publisiteit ✓✓
 Verlies aan inkomste vir werknemers ✓✓
 Laer lewensstandaarde ✓✓ (enige 2x2=4)

(h) Bied beter belasting toegewings aan ✓✓ Verleen subsidies ✓✓ Konsessies van Munisipaliteite ✓✓ (enige 2x2=4)

TAAK 2**LU 2:** Volhoubare Groei en Ontwikkeling**AS 4:** Bespreek produktiwiteit en die invloed daarvan op vooruitgang, groei en wêreld kompetisie.**LES 3****Instruksies:**

Lees die artikel en bespreek die volgende punte met die leerders:

- Geleenthede wat aan die SA opkomende boere gebied is, sluit in:
 - Om by volhoubare besighede betrokke te raak;
 - Hul kinders se skoolboeke te kan bekostig;
 - Vaardighede aan te leer om organiese produkte te produseer.
- Volhoubaarheid van die projek, word gebaseer op die feit dat daar 'n behoefte is aan organiese produkte want dit help om aardverwarming te beteuel, hierdie produkte is gesond vir die verbruiker en dit dra by tot die ontwikkeling van die land.
- Verduidelik aan die leerders dat 'n selfonderhoudende gemeenskap verwys na 'n gemeenskap wat deur armoede getref kan word en sal hulle hul eie voedsel moet plant om te oorleef.
- 'n Besigheid wat insiklik is vir SEB, verseker dat swartmense die geleentheid gebied word om besighede te bestuur of hul eie besighede te besit.

MEMO – AKTIWITEIT 2.1**ONDERWYSER ASSESSERING**

- (a) Ja ✓ (1)
- 'Voorheen benadeelde Suid Afrikaanse boere kan in die ekonomiese hoofstroom deelneem.' ✓✓
 - Hierdie projek spreek armoede in KZN aan. 'Die selfversorgende gemeenskap kan nou aan Woolworths organiese madumbis, patats en baba aartappels voorsien.' ✓✓
 - Deur die produkte aan te koop, ondersteun die verbruikers die ontwikkeling van die land omdat die produkte gesond is en dit is goed vir die aarde. (enige 2x2=4)
- (b) Hierdie boere kan nou aan die ekonomiese hoofstroom deelneem. ✓
 Hulle kan 'n inkomste vir hulle harde werk verdien. ✓
 Hulle kan ekonomies onafhanklik raak. ✓ (1)
- (c) Regerings en privaat besighede moet verseker dat daar 'n toename in die getal swartemense is wat besighede bestuur en hul eie besighede besit. ✓ ✓✓ Die getal swartmense in bestuurs- en uitvoerende posisies moet verhoog. ✓✓✓
 OF antwoord in woordelys – volpunte. (6)
- (d) Dit is goed vir die verbruiker omdat dit gesonde produkte is. ✓ Dit is ook beter vir die aarde en dit help om die land te ontwikkel. ✓ (enige ✓) (1)
- (e) Voorsien munisipale belasting bonusse. ✓✓
 Belasting konsessies ✓✓
 Vaardighede ontwikkeling/Opleiding bonuse aan besighede ✓✓ of enige ander toepaslike antwoord. (enige 2x2=4)
- (f) Ja ✓ (1)

- (g) Ontwikkel persoon se bevoegdhe $\checkmark$
 Aanbieding van geleenthede vir mense om self volhoubaar te wees. $\checkmark$
 Verbeterde lewensstandaard $\checkmark$
 Verbeterde ekonomiese potensiaal $\checkmark$
 of
 Enige ander toepaslike antwoord.

(4)
 [22]

TAAK 3

LU 4: Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings

AS 1: Genereer deur SWOT-analise, moontlike besigheidsidees sodat die behoefte aan vervaardigde goedere en dienste aangespreek kan word.

AS 2: Ontwikkel 'n besigheidsplan (begroting ingesluit) vir 'n vervaardigings-, dienste- of toerisme besigheid wat gebaseer is op die beste besigheidsgeleenthede wat deur die idees gegenereer is.


LES 4

AKTIWITEIT 3.1 SELF ASSESSERING LU 4: AS 2


PLANT 'N BOOM, BESKERM 'N WOUD

3.1.1	Sterkte • Help om omgewing te bewaar $\checkmark\checkmark$ • Unieke diens gelewer $\checkmark\checkmark$ • Gerief – bome word vir verbruikers geplant.	Swakhede • Pryse sal hoër wees as ander tuindienste. $\checkmark\checkmark$ • Seisoeninkomste – bome sal nie gedurende sekere seisoene verkoop word nie, bv. Winter $\checkmark\checkmark$ • Seisoenpryse – pryse sal verhoog volgens die prys van die plant.
	Geleenthede • Werk skepping $\checkmark\checkmark$ • Volhoubare besigheidsrisiko $\checkmark\checkmark$ • Uitbreiding van besigheidsaktiwiteite	Bedreigings • Kompetisie $\checkmark\checkmark$ • Swak weer veroorsaak vernietiging van bome. $\checkmark\checkmark$

Twee toepaslike feite per kategorie, 2 punte elk ($4 \times 4 = 16$)

3.1.2	Swakpunte verander na  Sterkpunte	
	Hoër pryse	Ontwerp 'n handelsmerk vir jou diens en gebruik die handelsmerk-bewustheid om hoër pryse te vra. $\checkmark\checkmark$
	Seisoeninkomste	Bied seisoen plante aan om 'n konstante inkomste vir die besigheid te verseker.

Een toepaslike verduideliking per kategorie, twee punte elk ($1 \times 2 = 2$)

Bedreigings verander na  Geleenthede	
Kompetisie	Maak die besigheid meer kompetender deur beter dienste, beter pryse ens. aan te bied. $\checkmark\checkmark$
Swak weer	Bied aan verbruikers plante wat gehard is teen swak weersomstandighede maar verhoog die prys.
Onderhoud	Bied tuindienste as 'n addisionele diens teen 'n fooi aan. Uitbreiding van die besigheid.


Een toepaslike verduideliking per kategorie, twee punte elk ($1 \times 2 = 2$)

OF


ORGANIESE TOEBROODJIE STALLETJIE

3.1.1	Sterkpunte • Unieke produk by die stalletjie sal baie verbruikers trek.✓✓ • Woolworths toebroodjies word teen goedkoper pryse verkoop.✓✓ • Groter winste want kosprys is laag.	Swakpunte • Organiese toebroodjies is nie almal se voorkeur nie.✓✓ • Woolworths kan kostes op later stadium verhoog.✓✓ • As jy van verskaffers verander (Woolworths) kan jy kliënte verloor
	Geleenthede • Volhoubare besigheidsgelentheid met Woolworths✓✓ • Besigheid kan baie suksesvol wees, want dit word met Woolworths geassosieer✓✓ • Gelentheid vir wêreld erkenning.	Bedreigings • Kompetisie✓✓ • Inflasie✓✓

Twee toepaslike feite per kategorie, 2 punte elk (4 x 4 = 16)

3.1.2	Swakheid verander na  Sterkpunte	
	Nie elkeen se voorkeur nie.	Bied 'n groter verskeidenheid van produkte aan om vir meer smake voorsiening te maak. Kan lei tot kliënte tevredenheid.✓✓
	Verhoogde pryse	Kies ander goedkoper verskaffers sodat 'n beter prys aangebied kan word en die besigheid kan steeds voldoende wins toon.

Een toepaslike verduideliking per kategorie, twee punte elk (1 x 2 = 2)

Bedreigings verander na  Geleenthede	
Kompetisie	Maak die besigheid meer kompetender deur beter dienste te lewer, beter pryse te vra, ens..✓✓

Een toepaslike verduideliking per kategorie, twee punte elk (1 x 2 = 2)

LES 5**AKTIWITEIT 3.2A PORTUUR ASSESSERING
LU 4: AS 2**

Die opstel van die begroting moet deur die leerders se portuurgroep geassesseer word. Gebruik die onderstaande memorandum.

MEMORANDUM VIR AKTIWITEIT 3.3A**GLOBAL ORGANIESE TOEBROODJIE STALLETJIE**

	Maand 2		
Kontantverkope (i)	R5 683	20	☒ ✓
Huur Inkomste	435		✓
Totale ontvangste	R6 118	20	☒
Lone (ii)	2 350		☒ ✓
Advertensies	120		✓
Telefoon	96		✓
Verpakking (iii)	252		☒
Betaling aan krediteure (iv)	2 448	15	☒ ✓
Totale betalings	R(5 266	15)	☒
OORSKOT (v)	852	05	☒ ✓
Bank beginsaldo	2 173		✓
Bank eindsaldo	R3 025	05	☒ ✓

☒ merkmetode vir berekenings gebruik

(17)

BEREKENINGS:

$$\begin{aligned}
 \text{(i) Verkope} &= \frac{20}{100} \times 4\,736 = 947,20 \quad \text{OF} \quad \frac{120}{100} \times 4\,736 = \text{R}5\,683,20 \\
 &= \text{R}4\,736 + \text{R}947,20 \\
 &= \text{R}5\,683,20
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 \text{(ii) Lone} &= 2 \text{ werkers} \times 2 \text{ dae} \times 4 \text{ weke} \times \text{R}125 \\
 &= 2 \times 2 \times 4 \times \text{R}125 \\
 &= \text{R}2\,000 + \text{R}350 = \text{R}2\,350
 \end{aligned}$$

$$\text{(iii) Verpakkings} = \text{R}105 + \text{R}147 = \text{R}252$$

$$\text{(iv) Betalings aan krediteure} = \frac{5}{100} \times \text{R}2\,577 = \text{R}128,85$$

$$\text{R}2\,577 - \text{R}128,85 = \text{R}2\,448,15$$

$$\begin{aligned}
 \text{(v) Oorskot} &= \text{R}6\,118,20 - \text{R}5\,266,15 \\
 &= \text{R}852,05
 \end{aligned}$$

Instruksies vir portuurgroep assessering

- Maak afskrifte van die memo vir die leerders.
- Neem elke leerder se begroting in.
- Roep 'n leerder se naam uit en handig aan hulle 'n maat se begroting uit met die memorandum om te merk.
- Handig die begroting met die memorandum aan die onderwyser in, sodra die begroting gemerk is.
- Die onderwyser sal 3.2(b) merk en die totale punt vir die aktiwiteit bereken.

MEMORANDUM VIR 3.2B

Nee. ✓ As jy 'n vergelyking tussen Maand 1 en Maand 2 tref, kan jy sien dat die totale betalings met R2 018,15✓ vermeerder het, maar die totale ontvangste het slegs met R940 vermeerder.✓

Die oorskot het verhoog omdat meeste van die geld spaargeld van Maand 1 was. d.i. R2 173. ✓

Ontvangste verhoog, maar betalings het meer verhoog.

Al hierdie faktore dui aan dat die besigheid nie 'n goeie kontantvloei het nie.

(4)

[21]

LEERDERS HET 'N KEUSE TUSSEN TAAK 4 EN TAAK 5**TAAK 4**

LU 3: Bestuurs, Verbruikers en Finansiële Kennis en Vaardighede

AS 3: Doen kontant- en krediettransaksies in die boeke van diens- en handelsondernemings.

LES 6**AKTIWITEIT 4.1 ONDERWYSER ASSESSERING****LU 3: AS 3**

BEREKENINGE MOET GEDOEN WORD VOORDAT DIE GROOTBOEK REKENINGE OPGESTEL WORD.

- $\text{Koste van verkope} = \frac{100}{125} \times 33\,200 = \text{R}26\,560$
- $\text{Verkope} = \frac{140}{100} \times 69\,430 = \text{R}97\,202$

Algemene Grootboek van Global Toebroodjie Stalletjie**Balansstaatrekening Afdeling**

HANDELSVOORRAAD						B2					
2008 April	1	Saldo	a/b	75 000		2008 April	30	Koste van verkope ✓	KOJ ✓	26 560 ✓	
	30	Bank ✓	KBJ ✓	25 620 ✓				Koste van verkope ✓	DJ ✓	69 430 ✓	✓
	30	Krediteure ✓	KJ ✓	57 300 ✓				Saldo	o/d	61 930 ✓	
				157 920						157 920	
2008 Mei	1	Saldo	a/b	61 930 ✓							

(14)

KREDITEUREKONTROLE						B4					
2008 April	30	Bank ✓	KBJ ✓	20 000 ✓		2008 April	1	Saldo	a/b	44 440 ✓	
		Saldo	o/d	91 207			30	Totale Aankope ✓	KJ ✓	66 767 ✓	
				111 207						111 207	
						2008 Mei	1	Saldo	A/b	91 207	

(7)

Nominalerekening Afdeling

VERKOPE											
						2008 April	1	Totaal	a/b	26 908	
							30	Bank ✓	KOJ ✓	33 200 ✓	
								Debiteure ✓	DJ ✓	97 202 ✓✓	
										157 310 ✓	

(8)

[29]

AKTIWITEIT 4.2 ONDERWYSER ASSESSERING
LU 3: AS 3

No.	HULP-JOERNAAL	BATES	EKWITEIT	LASTE	REKENING DEBITEER	REKENING KREDITEER
1	KOJ	+19 405 - 19 405			Bank ✓	Debiteure-kontrole ✓
2	KBJ ✓	- 20 000 ✓		- 20 000	Krediteure-kontrole ✓	Bank
3	DJ	-69 430 ✓	-69 430 ✓		Koste van verkope	Handels-voorraad ✓
4	KJ ✓		-2 126	+2 126 ✓	Skryfbehoeftes	Krediteure-kontrole ✓
5	KOJ	-33 200 ✓	+33 200 ✓		Bank	Verkope

[12]

LEERERS HET 'N KEUSE TUSSEN TAAK 4 EN TAAK 5**TAAK 5****LU 3:** Bestuurs, Verbruikers en Finansiële Kennis en Vaardighede**AS 3:** Doen die kontant- en krediettransaksies in die boeke van diens- en handelondernemings.**LES 6****AKTIWITEIT 5.1 ONDERWYSER ASSESSERING****LU 3: AS 3**Kontantontvangstejoernaal van **Global Toebroodjie Stalletjie – April 2008****KOJ 1**

Dok no.	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol	Besonderhede
001	1	Mev Sand		100 000	100 000				✓100 000		Kapitaal✓
Krr	2	Verkope		830	830	✓830	✓664				
Krr	10	Verkope		875	875	✓875	✓700				
Krr	20	Verkope		1 660		✓1 660	✓1 328				
002		Mev Sand		50 000	51 660				✓50 000		✓Kapitaal
003	21	BBB Spyseniers		780	780			✓780			

(11)

Kontantbetalingsjoernaal van Global Toebroodjie Stalletjie – April 2008

KBJ 1

Dok no.	Dag	Naam van begunstigde	Fol	Bank	Lone	Skryfbehoeftes	Krediteure-kontrole	Diverse rekeninge		
								Bedrag	Fol	Besonderhede
001	1	Munisipaliteit		230				✓230		Handelslisensie ✓
002	7	Kontant		500	✓✓500					
003	12	Multishop		650		✓✓450		✓200		Skoonmaakmateriaal ✓
004	14	Kontant		500	✓✓500					
005	17	Mev Sand		300				✓300		Onttrekkings ✓
006	25	Waltons		200			✓✓200			

(14)

Debiteurejoernaal van Global Toebroodjie Stalletjie – April 2008

DJ1

Dok no	Dag	Debiteur	Fol.	Verkope	Koste van verkope
A1	9	BBB Spyseniens		✓1 560	✓1 200
A2	20	AAA Event		✓780	✓600

(4)

Krediteurejoernaal van Global Toebroodjie Stalletjie – April 2008

KJ 1

Dok no.	Dag	Krediteure	Fol.	Krediteure-kontrole	Toerusting	Diverse rekeninge		
						Bedrag	Fol.	Besonderhede
101	3	Waltons		200		✓200		Skryfbehoeftes ✓
102	11	EquiWinkels		1 200	✓✓1 200			

(4)

[33]

**AKTIWITEIT 5.2 ONDERWYSER ASSESSERING
LU 3: AS 3**

Datum	Joernaal	Rekening Debiteer	Rekening Krediteer
9 April	Debiteurejoernaal ✓	Debiteurekontrole ✓	Verkope ✓
		Koste van verkope ✓	Handelsvoorraad ✓
14 April	Kontantbetalingsjoernaal ✓	Lone ✓	Bank ✓

[8]

Totaal: 150 punte